# 30. Die eerste Nagmaal

Dit is Paasfees in Jerusalem. Met Paasfees sê almal weer vir God dankie. Hulle sê vir God: Dankie dat U die Israeliete uit Egipteland laat trek het. Dankie dat U vir hulle gesorg het.

Dan slag hulle 'n lammetjie en hulle eet brood. Dit is nie gewone brood nie. Dit is spesiale brood wat net met Paasfees gebak word.

Jesus en sy dissipels vier ook die Paasfees. Terwyl hulle die Paasete eet, sê Jesus vir sy dissipels: ,,Een van julle gaan My verraai. Een van julle gaan my vyande help om My te vang.''

Die dissipels skrik. Wie van hulle sal so iets doen? Wie van hulle sal Jesus se vyande help om Hom te vang? Hulle het Hom tog almal lief!

Die ander dissipels het nie geweet van Judas nie. Judas is ook 'n dissipel. Hy sit saam met hulle aan tafel. Maar hy het nie regtig vir Jesus lief nie. Hy maak maar net of hy Hom liefhet. Hy luister vir Satan. Satan het vir hom gesê wat hy moet doen. Satan het gesê hy moet Jesus se vyande help om Hom te vang.

Judas staan toe op van die tafel af. Hy gaan weg van Jesus af. Hy loop uit in die nag.

Maar die ander dissipels bly by Jesus.

Jesus weet Hy moet sterwe. Jesus wil hê sy dissipels moet Hom altyd onthou. Hy wil hê hulle moet onthou Hy het vir hul sondes gesterf.

Hy neem toe brood. Hy breek dit en gee vir elke dissipel 'n stukkie. Hy gee vir elkeen 'n klein bietjie wyn om te drink.

Dit was die eerste Nagmaal.


Vandag vier ons nog altyd die Nagmaal in die kerk. Julle pappas en jul mammas ook. By die Nagmaal gee die dominee vir elkeen wat vir Jesus liefhet, 'n stukkie brood en 'n bietjie wyn. Dan sê almal wat vir Jesus liefhet: ,,Baie dankie, Here Jesus, dat U vir ons sondes gesterf het. Dankie dat U ons skuld betaal het. Dankie dat U nou in die hemel is. Dankie dat U eendag weer na ons toe kom.''

As julle eendag groot is, kan julle ook die Nagmaal vier.

Markus 14:12-25

GEBED

Here Jesus, dankie dat U ook my pappie en my mammie liefhet. Amen.



Scanned with CamScanner